Die storie van Thabo en Thabisile

deur Tozie Zokufa

Gepubliseer deur
The Humane Education Trust

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

www.naturebased.education

ISBN 978-0-9814072-2-7

Illustrasies: Pandora Alberts

©The Humane Education Trust
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder die toestemming van The Humane Education Trust gereproduseer, in ‘n stelsel vir inligtingsbewaring gestoor, of met enige elektroniese of meganiese wyse weergegee word nie, hetsy deur fotostatiese vaslegging, klankopname of andersins.

Een Sondagoggend het Thabo en Thabisile hulle beste klere aangetrek om ’n kerkdiens by te woon saam met hulle pa, Mnr. Mokoena. Die vorige twee dae was baie warm gewees. Die sonbesies het sommer al vroeg in die bome gezoem en hulle het geweet dit gaan ’n skroeiende dag wees. Terwyl hy langs die stowwerige pad saam met die tweelingseuns gestap het, het Mnr. Mokoena by die heining van die kraal stilgestaan om sy beeste en skape te bekyk.

Hy was baie trots om te sien dat sy vee vet en tevrede is. Mev. Mokoena het nie saam kerk toe gegaan nie. Sy het by die huis gebly om hulle Sondagete voor te berei. Sy het heerlike potjiekos gemaak, wat hulle familie se gunsteling was.

Later daardie oggend was die blou lug oortrek met grys wolke. Soos wat hulle almal opgestaan het om die loflied *Avulekile Amasango, Ezulwini (Die Hemeldeure word oopgemaak)* te sing, hoor Thabo en Thabisile donderweer in die verte.

Teen die tyd dat die kerk klaar is en Mnr. Mokoena en die seuns huis toe wil gaan, het daar ’n ligte reënbui begin val. Thabo en Thabisile het hulle oë styf toegeknyp en in die lug opgekyk om die druppels op hulle gesigte te voel. Hulle het diep ingeasem om die lekker reuk van die nat grond te ruik.

Mnr. Mokoena was bekommerd oor sy beeste en skape. Die donderweer het al hoe nader gekom. Weerlig het die hele lug verlig. Die reëndruppels het ook al hoe swaarder geword. Hulle moes nog baie ver stap om by die huis te kom. Hy't geweet sy beeste en skape was baie bang vir die groot donderslae. "Kom ons draf al die pad terug huis toe," het hy vir die seuns voorgestel.

Die drie manne was papnat teen die tyd dat hulle die huis bereik het. Hulle ma het al gereed met handdoeke by die voordeur vir hulle gewag. 'n Heerlike reuk uit die kombuis het hulle monde laat water, maar Mnr. Mokoena het gesê dat hy eers seker moes maak dat die donderweer nie die beeste en skape te veel hinder nie, voordat hy saam met hulle sou kon sit en eet. Die reën het teen die aand steeds hard neergeval.

Mnr. Mokoena het sy twee seuns gevra om hom te help om sand en strooi in die kraal te sit sodat die koeie en skape droog kon slaap en warm kon wees vir die aand. Maar Thabisile het gesê: "Pappa, ek is te moeg. Kan Thabo jou nie eerder help nie?" Mnr. Mokoena was teleurgesteld oor sy seun se luiheid.

Hy antwoord hom: "Dis reg so my seun, maar dan moet jy net nie van die koeie en skape verwag om weer enigiets vir jou te doen nie."

Thabisile het op die bank gaan ontspan, sy kop instemmend geknik en ’n groot gaap gegee.

Thabo en sy pa het hulle plastiekreënjasse aangetrek. Hulle het buitentoe na die kraal gegaan om die sand te gooi en strooi bo-oor dit te gooi. Die reën sou op hierdie manier deur die strooi en sand tot in die aarde gesink het, sodat die koeie en skape vir die aand op kooigoed kon slaap in plaas van in waterplasse. Die arme, nat diere het eenkant styf teenmekaar gestaan en geduldig toegekyk hoe Mnr. Mokoena en sy seun gewerk het, en hulle het geweet dat hulle binnekort gemaklik en warm sou kon lê.

Hulle ma het die volgende oggend ontbyt gemaak. Die tweeling het aan tafel gesit toe Thabisile opgelet het dat sy ma vergeet het om melk by die pap te gooi.

Gee asseblief die melk aan," het hy vir Thabo gevra. Maar sy pa was baie vinnig met sy antwoord. "Nee, Thabisile," het hy gesê. "Onthou, jy mag nie enigiets van die koeie verwag nie."

Thabisile het gefrons. Hy het toe kwaad sy skouers op-getrek.

Thabisile het tydens pouse by die skool opgelet dat sy toebroodjies in sy kosblik nie enige kaas ophet nie. Hy loer toe na Thabo se kosblik. Op sy toebroodjies was daar heerlike gerasperde kaas. Thabisile het skielik baie kwaad gevoel. Hy was sommer lus om vir Thabo op sy neus te slaan.

Thabo het gesien dat sy tweeling-boetie baie kwaad is. “Ek gaan vir mamma en pappa sê as jy aan my raak,” het hy vir Thabisile gewaar-sku.

“Onthou jy dan nie? Jy’t nie gister met die koeie en skape gehelp nie. Net ek het vir pappa gehelp.”

Toe die tweeling na skool by die huis kom, het Thabisile gesien dat sy ma besig was om Umphokoqo (Afrika-slaai met Amasi) vir aandete te maak. Hy het sommer dadelik geweet dat hy nie Amasi vir aandete sou kry nie.

Thabisile het na sy pa toe gehardloop om hom te groet toe hy van die werk af kom. “Pappa, wat kan ek doen om die koeie en skape te help? Ek besef ek was gister selfsugtig en lui. Ek het my les geleer.”

Mnr. Mokoena het gevra: “Watter les het jy geleer, my seun?”

Thabisile het verleë geantwoord: “Ek weet nou dat die lewe oor gee én neem gaan en nie nét oor neem nie,” het hy gesê.

“Mooi so”, sê sy pa. “Kom ons bespreek hoe jy ook kan help.”

Hierdie boek bevorder die ontwikkeling van deernis, geregtigheid en respek vir alle lewe, deur geletterdheid.

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

NatureBased EDUCATION
A DIVISION OF THE HUMANE EDUCATION TRUST